**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. A1032/2004

In die saak tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>KHOTSO ERIC THULO PHAHLANE</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** **MALHERBE RP & CILLIé R**

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** **MALHERBE RP**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **5 AUGUSTUS 2004**

---

Beskuldigde is 34 jaar oud. Hy het in die Landdroshof, Virginia verskyn op ‘n aanklag van diefstal van 1 blok kaas ter waarde van R11,90 vanuit ‘n kafee. Hy het sy eie verdediging waargeneem en skuldig gepleit. Tydens sy ondervraging ingevolge artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet verduidelik hy dat hy die kaas in sy broeksak gesteek het en uit die kafee gestap het sonder om daarvoor te betaal

> "omdat ek nie genoeg geld gehad het om daarvoor te betaal nie."

Na skuldigbevinding het hy die volgende vorige veroordelings erken:

29.10.1991 : Diefstal: R120,00 of 30 dae gevangenisstraf. Plus 60 dae gevangenisstraf opgeskort vir 3 jaar.

12.03.1992 : Besit van dagga: R80,00 of 40 dae gevangenisstraf.

08.09.1993 : Diefstal: R150,00 of 75 dae gevangenisstraf.
14.10.1993 : Aanranding: R60,00 of 60 dae gevangenisstraf.
15.06.1994 : Huisbraak met die opset om te steel en diefstal: 2 jaar gevangenisstraf.

24.01.1995 : Poging tot Moord (2 Aanklagte): 5 jaar gevangenisstraf.

Kwaadwillige saakbeskadiging: 18 maande gevangenisstraf.

11.07.2002 : Huisbraak met die opset om te steel en diefstal: 24 maande gevangenisstraf waarvan 4 maande opgeskort is vir 4 jaar.

Hy is op 1 September 2003 vrygelaat op parooltoesig tot 10 Maart 2004. (Die onderhawige misdryf is op 7 Maart 2004 gepleeg). Die Landdros het hom gevonnis tot 3 jaar gevangenisstraf – haar maksimum strafbevoegdheid vir hierdie gemeenregtelike misdryf.

Toe die oorkonde vir hersiening voor my gelê is, het ek die volgende navraag aan die Landdros gerig:

> "Verstrek asseblief redes vir vonnis.
>
> Moet die vonnis maar net elke keer vir dieselfde misdryf swaarder en

> swaarder word onafgesien van die waarde van die gesteelde goedere en die omstandighede van die beskuldigde?"

Die Landdros het nou die gevraagde redes verstrek en met verwysing na verskeie gerapporteerde beslissings die opgelegde vonnis probeer regverdig. Een van die beslissings waarna sy verwys, en waaruit sy aanhaal, is **S v LISTER 1993 (2) SASV 228 (A)**. Sy haal uit die uitspraak aan soos volg:

> "It is clear that you did not commit the crime on the spur of the moment. You had time to come to your senses. The misappropriations were affected in a calculated and carefully planned manner. That is of course an aggravating fact as far as the imposition of sentence is concerned."

Ek vind nie hierdie woorde in die uitspraak nie maar woorde met dieselfde strekking is wel gebruik. In elk geval is sulke woorde gladnie van toepassing op die onderhawige saak nie omdat die feite in die **LISTER**-saak totaal onderskeibaar is. Mev. Lister is skuldig bevind aan diefstal van R95 700,00 van haar werkgewer. Haar *modus operandi* word soos volg deur die Hoogste Hof van Appèl beskryf:

> "Part of her duties as an employee was to prepare cheques for signature or approval by her superior. She did so with ink which she could afterwards erase. Once the cheque was signed, she altered the particulars, increasing the amount of, say, a cheque for petty cash. She would then cash the cheque and pocket the difference. In this manner she managed, over a period of some 11 months, to skim off the not inconsiderable sum mentioned earlier."

Die volgende woorde in die uitspraak van die Hof *a quo* onderstreep verder die verskille:

> "There are, however, severe aggravating factors, particularly in the amount stolen, the period over which the theft was committed, the fact that numerous misappropriations must have taken place which were carefully effected, the fact that appellant was in the employment of the complainant and appellant's previous convictions."

Dit is nie onwaarskynlik nie dat die beskuldigde in die onderhawige saak die stuk kaas op die ingewing van die oomblik gevat en in sy sak gesteek het.

Die veelvuldige voorkoms van winkeldiefstal en beskuldigde se vorige veroordelings regverdig gevangenisstraf. Die termyn van 3 jaar is egter

onvanpas en skokkend swaar in al die omstandighede van hierdie saak. Indien die Landdros se klaarblyklike benadering korrek is, nl. dat die vonnis vir 'n soortgelyke misdryf maar net elke keer swaarder en swaarder word, moet hierdie beskuldigde volgende keer in die Streekhof gevonnis word al het hy 'n lemoen ter waarde van R1,00 gesteel! Dit kan nie korrek wees nie.

Gevolglik word die skuldigbevinding bekragtig maar die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 8 maande gevangenisstraf.

**J.P. MALHERBE R.P**

**EK STEM SAAM**

**C.B. CILLIé R.**

/scd